higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

3 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

ALGEMEEN

1. Assesseer die skryfstukke volgens die nasienriglyne en assesseringskale wat verskaf word.

2. As 'n onderwerp verkeerd vertolk is, word die kandidaat baie laag op inhoud aangeslaan.

3. Indien 'n skryfstuk grootliks uit die vraestel saamgeflans is of dele van opdragte uit vraestelle net so oorgeskryf is, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Die kommentaar sal wees: Nie eie werk nie. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die aantal korrekte feite.

4. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

   Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Trek 'n streep deur werk
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter boaan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	Sirkel

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: KORT EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

VRAAG 1.1: AANSOEKBRIEF

- Vergesel 'n aansoek vir 'n betrekking.
- Formele taal, styl, toon en register.
- Nugter en saaklik – geen mooiskrywery nie.
- Ontvanger direk aangespreek.
- Inhoud moet advertensie weerspieël.

INHOUD: 10

✓ Punte toegeken vir inligting verskaf, aangedui met ✓
✓ Volsinne en gestruktureerde paragrawe
100–120 woorde

FORMAAT: 3

× Negatief nagesien
× Gepaste adres
× -1 vir elke fout tot maksimum van 4
× Fout aangedui met X op antwoordstel
× Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square
× Die woord *straat* mag nou alleen geskryf word, bv. Wessels Straat.
× Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 1 Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 343 Pleknaam Kode	Plot 44 Pleknaam Kode	Debrahof Pleknaam Kode

× Geen leestekens in adres, aanhef of slot nie
× Reël oopgelaat tussen paragrawe

TAAL EN STYL: 7

× Gepaste styl, toon en register
× Nagesien volgens assesseringskaal

NEERSKRYF VAN PUNTE

I = punt uit 10: **I = 10**
T/S = punt uit 7: **T/S = 3**
F = punt uit 3: **F = 3**
17=

OF

I	T/S	F	Tot.
10	7	3	20
10	3	4	17

VOORBEELD

Posbus 235
(X) JOHANNESBURG
0002

28 Oktober 2022 OF 28 Oktober 2022 (X)

Me. Cielie Steenkamp
Pansat (X)
Privaatsak X 701
PRETORIA
0001

Geagte Me. Steenkamp (X)

AANSOEK: PROMOSIE-BESTUURDER (X) (toepaslike inhoudsopskrif)

Inleidingsparagraaf: Ek doen aansoek vir die pos as Promosie-bestuurder✓ soos geadverteer in die (naam van plaaslike koerant)✓ van (datum).✓

Paragraaf 2: Noem enige DRIE eienskappe – akademies sowel as persoonlik – wat jou geskik maak vir die pos. Verwys veral na jou liefde vir tale, veral Afrikaans, soos in die advertensie, bv. jou taalvaardigheid, jou wens om veeltaligheid te bevorder en om vir 'n organisasie soos Pansat te werk. Noem waarom jy vir die pos in aanmerking moet kom/waarom jy die ideale kandidaat vir hierdie pos is.✓✓✓

Paragraaf 3: Verwys na aangehegte dokumentasie, by voorbeeld CV, getuigskrifte, bewys van akademiese prestasies✓

Paragraaf 4: Noem beskikbaarheid vir 'n onderhoud✓ en gee kontaknommer✓ (die kontaknommer mag ook bo in regterkantste hoek regoor sender se adres verskyn).

Slotparagraaf: Welwillendheid✓ bv. Dankie dat u my aansoek oorweeg.

Die uwe (X)
Handtekening (X)
Naam/Voorletters en van

ASSESSERINGSKAAL

TAAL, STYL EN REDIGE-RING (7 PUNTE)	**7**	Grammatikaal akkuraat; sinne goed gekonstrueer, woordeskat gepas vir teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register toepaslik. Teks feitlik foutloos en lengte soos vereis.
	6	Grammatikaal akkuraat; sinne goed gekonstrueer. Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register meestal toepaslik. Teks oorwegend foutloos. Lengte soos vereis.
	5	Grammatikaal maklik om te lees; sinne goed gekonstrueer. Woordeskat toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. Teks meestal foutloos. Lengte soos vereis.
	4	Grammatikaal verstaanbaar ondanks foute; sinne voldoende saamgestel. Woordeskat voldoende vir die doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register voldoende. Teks het steeds foute na proeflees en redigering. Lengte is amper korrek.
	3	Grammatikaal verskeie foute; sinne eenvoudig maar amper sinvol saamgestel. Woordeskat beperk en nie juis van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register toon gebreke. Steeds baie foute na proeflees en redigering. Lengte te kort/lank.
	2	Grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woordeskat benodig remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register ontoepaslik. Teks vol foute ten spyte van proeflees en redigering. Lengte te kort/lank.
	0–1	Inhoud wemel van grammatikale foute. Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register kom nie met onderwerp ooreen nie. Besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. Lengte heeltemal te kort/lank.

(20)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1.2: CURRICULUM VITAE (CV)

- Besonderhede oor die aansoeker se loopbaan, kwalifikasies en prestasies.
- Pas by aansoeker se omstandighede en doel waarvoor dit gebruik gaan word.
- Fokus op leser en gee inligting wat werkgewer op CV wil hê.
- Netjies in blokvorm.

INHOUD: 24
6 opskrifte met toepaslike inhoud. Sien elke opskrif na saam met inhoud vir punt uit 4.

4	Relevante inhoud, besonderhede ondersteun opskrif
3	Behou relevansie, geringe afwykings/weglatings
2	Betekenis soms vaag, heelwat weglatings/afwykings
0–1	Inhoud geheel onvanpas, onsamehangend, min besonderhede ondersteun onderwerp

FORMAAT: 3
- Negatief nagesien,
- Netheid, duidelike opskrifte, blokformaat en lesersvriendelike uitleg
- -1 vir elke fout tot maksimum van 3

OPSKRIF (X)

PERSOONLIKE BESONDERHEDE (X)
Lys persoonlike besonderhede in blokvorm.

OPLEIDING/KWALIFIKASIES (X)
Lys van kwalifikasies, begin met mees onlangse.

ONDERVINDING(X)
Lys van toepaslike ervaring in blokvorm – begin met mees onlangse.

GETUIGSKRIFTE(X)

VERWYSINGS (X)
Lys EEN kontak met volledige kontakbesonderhede.

VERKLARING (X)
Na beste wete korrek en volledig.
Teken en skryf datum.

TAAL EN STYL: 3

3	Grammatikaal korrek en goed gekonstrueer. Woordeskat en lengte toepaslik.
2	Verskeie foute. Maak steeds sin. Effens te kort of te lank.
1	Wemel van foute. Lengte heeltemal te kort of te lank.

NEERSKRYF VAN PUNTE

I = punt uit 24: I = 18
T/S = punt uit : T/S = 2
F = punt uit 3: F = 3

OF

I	T/S	F	Tot.
24	3	3	30
18	2	4	24

VOORBEELD: CURRICULUM VITAE VAN (NAAM)

PERSOONLIKE BESONDERHEDE
VOLLE NAME EN VAN: Saartjie Buthelezi
ADRES: Edenstraat 125, Reitz, 9810
TELEFOONNOMMER: 063434577
ID-NOMMER XXXXXX XXXX XXX

OPLEIDING/KWALIFIKASIES
Kollege Sandrivier TVET Kollege, Secunda, 2525
2020 Slaag vlak 3:
Vakke: Afrikaans Eerste Addisionele Taal
English First Additional Language
Lewensoriëntering
Wiskundige Geletterdheid
Rekeningkunde
Entrepeneurskap
Programbestuur

ONDERVINDING
Des/Jan 2019/2020: Vakansiewerk as taalversorger by ’n biblioteek, Petsana Biblioteek, Reitz
Pligte: Taalversorging, ontvangs, verspreiding van promosie-biljette
Opsiener Me. F Kemp (Petsana Biblioteek, Reitz.)

GETUIGSKRIFTE
Me. F Kemp
Petsana Biblioteek
Reitz
9810

Me. L Mokoena
Kampushoof
Sandrivier TVET Kollege
Secunda
5689

VERWYSING
Ds. Alexander Pillay
Volle Evangelie Kerk van SA
Kerkstraat 1
Reitz
9810
Tel: 083 546 4799

VERKLARING

Ek verklaar dat die bogenoemde inligting na die beste van my wete korrek en volledig is.

S. Buthelezi (Handtekening) 15 Oktober 2022 (Datum) (30)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

VRAAG 2.1: BRIEF AAN DIE PERS

- Om standpunt in te neem of om iets met lesers te deel.
- Ondubbelsinnig, saaklik en bondig.
- Objektief. Logiese en beredeneerde antwoorde. Emosionele reaksies kan egter soms met lesers gedeel word.
- Saak word gestel, maar redakteur kan nie die probleem oplos nie.
- Formele taal, styl en register.

INHOUD: 20

✓ Punte word toegeken vir inligting soos aangedui met✓
✓ Inhoud in volsinne en gestruktureerde paragrawe
120 tot 180 woorde

FORMAAT: 3

× Negatief nagesien; -1 vir elke fout tot maksimum van 3
× Adres soos in toepaslike situasie verskaf
× Aangedui met X
× Dui fout aan met X op antwoordstel.
× Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name soos Mandela Square
× Die woord *straat* mag nou los geskryf word, bv. Wessels Straat.
× Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 343	Plot 44	Debrahof
Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Kode	Kode	Kode	Kode	Kode

- × Geen leestekens in adres, aanhef of slot nie
- × Reël oopgelaat tussen paragrawe

TAAL EN STYL: 7

- × Gepaste styl, toon en register
- × Sien na volgens die assesseringskaal

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 20: **I = 10** **OF**

T/S = punt uit 7: **T/S = 3**

F = punt uit 3: **F = 4**

TOTAAL: 17/30

I	T/S	F	T
20	7	3	30
10	3	4	17

VOORBEELD VAN BRIEF AAN DIE PERS

Lulustraat 36
Reitz
9810

12 Oktober 2022 OF 12 Oktober 2022 (X) (enige)

Die Redakteur
Sandies Nuus (X)
Posbus 258
SECUNDA
5689

Geagte Redakteur (X)

ANGS: REALITEIT VIR STUDENTE(X)

Inleidingsparagraaf: begin met 'n treffende inleidingsin✓ wat aandag trek. Daar word verwys na realiteit dat studente al hoe meer spanning en angs beleef✓ en die probleme wat ondervind word.✓ Noem redes hoekom jy hierdie brief skryf.✓✓
XXXXXXXXXXX
Paragraaf 2 en verder:
Minstens TWEE voorbeelde van probleme✓✓ wat studente ondervind wat spanning en angs kan veroorsaak bv.: akademiese, persoonlike vehoudings, finansiële probleme ens.

Verskaf TWEE moontlike oplossings vir bogenoemde probleme✓✓

Noem DRIE simptome wat studente kan ondervind indien hul aan spanning en angs ly bv.: hoofpyne, maagkrampe, slaaploosheid ens. ✓✓✓

Noem TWEE ekstene oorsake in die SAMELEWING / omgewing✓✓ wat tot spanning en angs kan lei, bv.: armoede, bendegeweld, mishandeling, dwelms ens.

Gee DRIE streshanteringstegniekewat studente kan toepas om spanning en angs te verlig, bv.: gereelde oefening, ontspan in die natuur, luister na strelende musiek ens.✓✓✓

XXXXXXXXXXX
Slotparagraaf: Sterk slot wat die argument in die liggaam van die brief saamvat✓✓✓
XXXXXXXXXXX
San Stefanus (X)
OF
Handtekening
San Stefanus

ASSESSERINGSKAAL

TAAL, STYL EN REDIGE-RING (7 PUNTE)	**6–7 Uitstekend (80%+)**	Teks grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer. Verskeidenheid sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Ryk, uitgebreide woordeskat gebruik. Styl, toon en register baie toepaslik. Behou deurentyd fokus.
	5 Baie goed (70–79%)	Teks grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture meestal korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid sinne goed gebruik. Sinslengte goed afgewissel. Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	4 Goed (60–69%)	Teks grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture oor die algemeen korrek gebruik. Sinne goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen goeie woordeskat. Styl, toon en register oor die algemeen/meestal toepaslik. Fokus meestal op die onderwerp.
	3 Gemiddeld (50–59%)	Teks grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture gemiddeld korrek gebruik. Sinne is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. Woordeskat voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, pas oor die algemeen by skryfstuk. Styl, toon en register voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. Sinne eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke. Dwaal van die onderwerp af.
	0–1 Swak (30–39%)	Teks grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in sinslengtes. Woordeskat skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register ontoepaslik. Min fokus op onderwerp.

(30)

EN

VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG

2.2 Terugvoerverslag

- Die verslag is 'n dokument wat oor 'n bepaalde gebeurtenis rapporteer.
- Die inligting moet korrek wees.
- Paragrawe moet volgens die logiese verloop van gebeure wees.
- Dit is kort en bondig.
- Beskrywende woorde kan gebruik word om die verslag interessant te maak.

FORMAAT (3)

- Sien negatief na: -1 per fout/weglating.
- Met X op die voorbeeld gemerk
- Die inligting boaan die memorandumvorm moet volledig voltooi word.
- Onderaan teken of parafeer die skrywer net sy naam.

TAAL EN STYL (7)

- ✗ Gepaste styl, toon en register
- ✗ Sien na volgens die assesseringskaal op bladsy 13 na.

INHOUD (30)

- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 250 tot 350 woorde volgens rubriekriglyne nagesien.
- SES opskrifte, (in vetdruk op bladsy 13) word elk ontwikkel tot 'n volledige paragraaf. Merk elke afdeling na aanleiding van die onderstaande assesseringstabel met 'n punt tussen 5 en 0:

INHOUD **(5 PUNTE)**	**5**	Kreatiewe en gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwykings nie. Weldeurdag, van hoogstaande gehalte
	4	Behou fokus met geringe afwykings. Tekens van beplanning, maar dis nie goed deurgevoer nie
	3	Voldoende saamgestel, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. Inhoud is die verwagte – niks besonders of uitstaande nie.
	2	Ondergemiddelde tot basiese inhoud, baie beperkte fokus op die onderwerp. Leerder wyk af en/of betekenis is plek-plek vaag
	1	Reaksie op die onderwerp toon byna geen fokus nie. Leerder wyk af van die opdrag en betekenis van die teks is nie toepaslik nie. Baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. Totaal onvanpas.

VOORBEELD: TERUGVOERVERSLAG

MEMORANDUM

AAN: Die Hoof/Naam en amp van die hoof **X**

VAN: Student se eie naam en van/amp**:** Voorsitter Studente-ondersteuningsraad **X**

DATUM: Volledig uitgeskryf, enige datum **X**

ONDERWERP: TERUGVOERVERSLAG OOR OMVANG VAN AKADEMIESE SPANNING ONDER STUDENTE (Of iets soortgelyks in hoofletters.) X

Paragraaf 1: **Volledige agtergrond** oor die wat, waar, wanneer, wie betrokke was, by voorbeeld. 1 September 2022 tot 30 September 2022 (datum) met betrekking tot die identifisering van akademiese spanning/angs by studente (wat was die doel van die ondersoek) vir medestudente en dosente (vir wie die fasiliteite gebruik word) van die kollege. Dit is by xxx kollege gedoen (waar dit gedoen is). Die studente-ondersteuningsraad (wat verantwoordelik is) het die ondersoek gedoen. Enige relevante inligting
Paragraaf 2en verder:
Verkry inligting oor oorsake wat akademiese probleme veroorsaak deur middel van onderhoudvoering: (bv. probleme rakende afstandonderrig, tekort aan data, studente ongemotiveerd, studiemateriaal nie verbruikersvriendelik nie, swak internet-konneksies, swak klasbywoning ens.) Enige relevante inligting.

Moontlike voorstelle om hierdie akademiese probleme te hanteer sodat studente beter kan funksioneer word gemaak (bv. ondersteuningsgroepe, dosente meer toeganklik, WhatsApp-groepe, dokters en sielkundiges genader om betrokke te raak, verskaffing van data, ens.)

Moontlike **aanbevelings** hoe lektore kan help, word beskryf (bv. verkryging/studievennote/tutors, aanlyn motiveringspraatjies, aanlyn afsprake met lektore, aanmeldplatforms, tydsbeplanning, ens.)

Moontlike projekte wat die studenteraad kan onderneem om dosente en studente bewus te maak van die gevare, asook die professionele hantering van spanning/angs (bv. bewusmakingsessies, monitering deur lektore, aanmelddienste en telekommunikasie, intervensie-aksie indien nodig, ens.) Enige relevante inligting.

Slotparagraaf: Verslag word met 'n **gevolgtrekking** afgesluit: Word daar genoeg gedoen om spanning/angs by studente by die kollege te identifiseer en hanteer en om empatie vir studente by lektore te ontwikkel? Begryp studente die gevare van die spanning/angs? Weet studente hoe om spanning/angs te identifiseer en te beheer?

ASSESSERINGSKAAL

Taal en styl (7 punte)	**6–7 uitstekend (80%+)**	Teks is grammatikaal akkuraat. woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. Styl, toon en register baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	5 baie goed (70–79%)	Teks is grammatikaal akkuraat. woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. 'n goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	4 goed (60–69%)	Teks is grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. Sinne is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. Styl, toon en register oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	3 gemiddeld (50–59%)	Teks is grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. Sinne is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. Styl, toon en register voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. Sinne is eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	0–1 swak (30–39%)	Teks is grammatikaal swak en moeilik om te volg. woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne is basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in sinslengtes. Woordeskat is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register ontoepaslik. Min fokus op onderwerp.

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 30: **I = 10 OF**
T/S = punt uit 7: **T/S = 4**
F = punt uit 3: **F = 3**
17/40

I	T/S	F	Tot.
30	**7**	**3**	**40**
10	4	3	17

(40)

ÓF

VRAAG 3.1: RESENSIE

- Dis 'n verslag van 'n produk en sluit 'n beoordeling daarvan in.
- Die produk se kenmerke en beperkings word uitgelig.
- Feite word gegee, maar die resensent sluit ook 'n persoonlike mening oor die produk in – die resensie is dus subjektief van aard.
- Die inhoud moet voldoende relevante feite bevat om die leser te oorreed om standpunt in te neem. Voorbeelde van sulke feite is die naam van die produk en van die produsent, kenmerke van die produk, die voor- en nadele van die produk.
- Gee 'n algemene indruk van die produk.

INHOUD: 20

✓ Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met✓
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 120 tot 180 woorde

VOORBEELD: RESENSIE

Inhoudsfeite wat punte verdien:

✓ Kreatiewe opskrif wat die leser aanmoedig om die resensie te lees
✓ Naam van die toepassing wat spanning en angs help verlig
✓ Naam van die vervaardiger(s)
✓ Doel van die toepassing
✓✓ Voordele van die toepassing
✓✓ Nadele van die toepassing
✓✓ Kort bespreking oor die funksionering en gebruikersvriendelikhied van die toepassing. Is dit makilk om te gebruik of nie?
✓✓ Prys – is dit waarde vir geld?
✓✓ Vergelyk met ander soortgelyke toepassings: uniek of verouderd/beter of slegter as ander?
✓✓ Persoonlike oordeel duidelik verwoord (subjektief)
✓✓ Waar op die foon kan dit afgelaai kan word (toepassingssadres)
✓✓ Wie behoort die toepassing te koop/nie te koop nie

FORMAAT: 3

- Sien negatief na met -1 per fout/weglating
- Titel lettertipe en -grootte verskil van res van berig.
- Naam van toerusting, detail van toerusting en vervaardiger boaan genoem✓
- Naam van resensent óf bo óf onderaan resensie.✓
- Naam van toerusting en relevante temas word uitgelig deur dit byvoorbeeld tussen aanhalingstekens te skryf of te onderstreep.✓

TAAL EN STYL: 7

✗ Gepaste styl, toon en register
✗ Sien na volgens die assesseringskaal

ASSESSERINGSKAAL

Taal en styl (7 punte)	**6–7 uitstekend (80%+)**	Teks grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer. Verskeidenheid sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. Styl, toon en register baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	5 baie goed (70–79%)	Teks grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture meestal korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer. Verskeidenheid sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register toepaslik. Goeie fokus op onderwerp.
	4 goed (60–69%)	Teks grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture oor die algemeen korrek gebruik. Sinne goed gekonstrueer. Verskeie soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen goeie woordeskat. Styl, toon en register oor algemeen toepaslik. Behou meestal fokus op onderwerp.
	3 gemiddeld (50–59%)	Teks grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. Sinne is ten spyte van foute voldoende gekonstrueer. Verskeidenheid sinne voldoende. Sinslengtes voldoende afgewissel. Woordeskat voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by skryfstuk. Styl, toon en register voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. Sinne eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes nie afgewissel nie. Woordeskat beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat begin verstaan van skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke. Fokus dwaal van onderwerp af.
	0–1 swak (30–39%)	Teks grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne is basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in sinslengtes. Woordeskat skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 20: **I = 10**
T/S = punt uit 7: **T/S = 4**
F = punt uit 3: **F = 3**
17/30 (30)

EN

VRAAG 3.2: BEREDENEERDE VERSLAG

- Die verslag word in die verlede tyd geskryf, maar aanbevelings word in toekomende tyd gemaak.
- Inligting moet relevant tot die situasie wees.
- Indirekte rede word gebruik.
- Inhoud moet spesifiek en objektief wees. Emosiebelaaide woorde is onvanpas.

FORMAAT (3)

- Sien negatief na: -1 per fout/weglating.
- Met X op die voorbeeld gemerk
- Die inligting boaan die memorandumvorm moet volledig voltooi word.
- Onderaan teken of parafeer die skrywer net sy naam.

TAAL EN STYL (7)

- × Gepaste styl, toon en register
- × Sien na volgens die assesseringskaal op bladsy 19.

INHOUD (30)

- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees. 250 tot 350 woorde, nagesien volgens rubriekriglyne.
- SES opskrifte (in vetdruk op bladsy 19) elk ontwikkel tot 'n volledige paragraaf. Merk elke afdeling na aanleiding van die onderstaande assesseringstabel met ’n punt tussen 5 en 0:

INHOUD (5 PUNTE)	**5**	Kreatiewe en gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwykings nie. Weldeurdag, van hoogstaande gehalte.
	4	Behou fokus met geringe afwykings. Tekens van beplanning, maar dis nie goed deurgevoer nie
	3	Voldoende saamgestel, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. Inhoud is die verwagte – niks besonders of uitstaande nie.
	2	Ondergemiddelde tot basiese inhoud, baie beperkte fokus op die onderwerp. Leerder wyk af en/of betekenis is plek-plek vaag.
	1	Reaksie op die onderwerp toon byna geen fokus nie. Leerder wyk af van die opdrag en betekenis van die teks is nie toepaslik nie. Baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. Totaal onvanpas.

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 30:
T/S = punt uit 7:
F = punt uit 3:

I = 10 OF
T/S = 4
F = 3

17/40

I	T/S	F	Tot.
30	**7**	**3**	**40**
10	4	3	17

VOORBEELD: BEREDENEERDE VERSLAG

Inleiding: Telegeneeskunde soos video- en telefoniese konsultasies het sedert die uitbreking van COVID-19 al meer toegeneem tussen dokters en pasiënte. Ek besef dat ’n afspraak met my geneesheer via Zoom baie voordele kan inhou, maar wonder oor die risiko’s en slaggate daaraan verbonde. Ek is die voorsitter van die studente-ondersteuningsraad verantwoordelik vir studente-ondersteuning op die kampus en het besluit om die saak met die kampushoof te bespreek. Ek voel dat telegeneeskunde aangewend moet word om studente se gesondheidskwessies te hanteer. Andersyds is studente se gesondheid en welstand baie belangrik en gesondheidsprobleme word nie korrek gediagnoseer en behandel nie, deurdat hul geneesheer hulle nie persoonlik ondersoek nie. Na aanleiding van die kampushoof se versoek om die kwessie te ondersoek en om moontlike voorstelle ten opsigte van die gebruik van telegeneeskunde te maak, het ek 'n ondersoek na die probleem geloods.

Die ondersoekmetodes wat ek gebruik het, word duidelik uiteengesit. (bv. vraelyste, onderhoude, telefoongesprekke ens.)

Argumente oor die risiko’s verbonde aan telegeneeskunde (bv. gesondheidsprobleme word nie korrek gediagnoseer en behandel nie, persoonlike konsultasies vind nie meer plaas nie, persoonlike ondersteuning kom kort, moontlike gesondheidsimplikasies, konneksieprobleme, ens.), asook **voordele** van video- en telefoniese konsultasies (bv. verminderde kostes, toeganklikheid, ens.)

Bewyse wat die argumente ondersteun word gegee (bv. onvolledige beskrywing van gesondheidsprobleme, verkeerde afleidings deur geneesheer, selfdiagnose deur studente, selfmedikasie, verwarring, ens.), ook positiewe resultate word genoem (bv. beskikbaarheid en toeganklikheid van geneesheer, ens.).

Die verslag word afgesluit met 'n **duidelike gevolgtrekking**. (bv. telegeneeskunde moet korrek aangewend word, dit is handig indien jy nie persoonlik by die dokter kan uitkom nie)

Verskeie aanbevelings word gemaak oor hoe telegeneeskunde aangewend kan word om studente te help, terwyl gewaak word daarteen dat studente se welstand in gedrang kom (bv. persoonlike konsultasies met kampusdokters, opvolgkonsultasies per telekommunikasie, terugvoer aan geneesheer, konsultasie met apteker, ens.)

(Toepaslike inligting.)

NEERSKRYF VAN PUNTE:

I = punt uit 30:
T/S = punt uit 7:
F = punt uit 3:

I = 10 OF
T/S = 4
F = 3

17/40

I	T/S	F	Tot.
30	**7**	**3**	**40**
10	4	3	17

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**6–7 Uitstekend (80%+)**	Teks grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture feitlik deurgaans korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. Woordeskat baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Ryk, uitgebreide woordeskat gebruik. Styl, toon en register baie toepaslik. Fokus deurentyd op onderwerp.
	5 Baie goed (70–79%)	Teks grammatikaal akkuraat. Woord- en sinstrukture meestal korrek gebruik. Sinne baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeie soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Goeie uitgebreide woordeskat. Styl, toon en register toepaslik. Goeie fokus op onderwerp.
	4 Goed (60–69%)	Teks grammatikaal maklik om te lees. Woord- en sinstrukture oor die algemeen korrek gebruik. Sinne goed gekonstrueer. Verskeie soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. Woordeskat meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Oor die algemeen goeie woordeskat. Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. Fokus meestal op onderwerp.
	3 Gemiddeld (50–59%)	Teks grammatikaal verstaanbaar. Woord- en sinstrukture gemiddeld korrek gebruik. Sinne ten spyte van foute voldoende gekonstrueer. Verskeidenheid soorte van sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel. Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. Styl, toon en register voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	2 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks grammatikaal verskeie foute. Woord- en sinstrukture verskeie foute. Sinne eenvoudig maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes nie afgewissel nie. Woordeskat beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. Styl, toon en register toon gebreke/leemtes. Dwaal van die onderwerp af.
	0–1 Swak (30–39%)	Teks grammatikaal swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. Sinne basies en swak saamgestel. Weinig wisseling in sinslengtes. Woordeskat skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Woordeskat swak en moeilik verstaanbaar. Styl, toon en register ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

(40)
[70]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou